Geagte Ouers

INSKRYWING 2012 – PRE-GRAAD R (FLEDGLINGS) / GRAAD R

1. Dit is vir ons 'n voorreg om die Inskrywingspakket, vir toelating tot ons skool, aan u beskikbaar te stel. Druk al die betrokke dokumente (Toelatingsvorm, Debietordervorm, Finansiële onderneming en Vertroulike Inligting omtrent u Kind) uit. Voltooi, teken en heg al die nodige dokumente aan, en stuur dit na die Pre-primêre Skool Kenridge. Toelating sal slegs oorweeg word, sodra alle betrokke dokumente voltooi, geteken en ontvang is.

2. Die voltooide Inskrywingspakket moet ons nie later as Woensdag, 10 Augustus 2011 bereik nie. Indien ons nie in staat sou wees om alle leerders binne die voederarea te akkommodeer nie, sal die datum van die aansoek in ag geneem word. Moet dus nie wag tot die sluitingsdatum nie. Na hierdie datum word u kind se naam op 'n waglys geplaas. Indien u kind in ons skool aanvaar word, sal u skriftelik daarvan verwittig word, voor/op Vrydag, 16 September 2011.

3. Sou u buite die skool se grensgebied woon, sal u aansoek op 'n waglys geplaas word. Toelating is dan onderhewig aan 'n plek in die onderskeie klasse. Hierdie gebiede is **Kenridge, Durbell, Durbanville Heuwels, De Bron, Doordekraal, Welgemoed-Noord, Proteavallei, Kanonberg, Welgedacht, Van Riebeeckshof** en **Oude Westhof**. Leerders op die waglys sal teen Woensdag, 12 Oktober 2011 in kennis gestel word van aanvaarding in ons skool, al dan nie.

4. **Finansiële Verpligting**:

4.1 **Intreefooi (nie terugbetaalbaar)**: 'n Eenmalige (nie terugbetaalbare) intreefooi van R500 per kind. **Neem asseblief kennis dat die intreefooi nie nodig is as u kind alreeds by die skool (Pre-Graad R (Fledglings)/Graad R) is nie.**

4.2 **Pre-Graad R (Fledglings) & Graad R Heffing (Basiese Verpligte Heffing)**: Die Pre-Graad R (Fledglings) & Graad R heffing word jaarliks deur die Trustees bepaal. Tans (2011) beloop die heffings vir Pre-Graad R (Fledglings) R11 030 per leerder per jaar en R13 170 vir Graad R per leerder per jaar. Hierdie heffings is oor 'n 10 maande periode per aftrekorder betaalbaar (1 Februarie – 1 November). Indien u die volle bedrag teen Vrydag, 3 Februarie 2012 betaal, kan u aanspraak maak op 'n korting. Heffings vir 2012 sal op 'n begrotingsvergadering later vanjaar, hersien word.

5. Indien u aansoek goedgekeur word, sal u kind uitgenooi word om 'n Oriëntasiedag by ons skool by te woon. Hierdie geleentheid vind plaas op Vrydag, 4 November 2011. 'n Kort vergadering sal om 09:00 in die Skoolsaal plaasvind om die Keuse van buitemuurse aktiwiteite en Koste vorms te bespreek.

Ons vertrou dat u kind se leerervaring by Kenridge gelukkig en opvoedkundig stimulerend sal wees. Indien u ooit sake rakende u kind met ons wil bespreek, sal ons u met graagte ontvang.

Die uwe

S.R. Smith (Mev.)
Skoolhoof
Laerskool Kenridge

M. Alexander (Mev.)
Hoof – Pre-primêre Skool Kenridge